LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



# 2027 | Tulpe Toer – België en Nederland

16 – 24 April 2027

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



## Sluit by ons aan vir een van Leef Jou Reis se mees geliefde Europese ervarings terwyl ons die tydlose skoonheid van België en Nederland in die hart van lente ontdek.

Hierdie besondere reis neem jou deur twee van Europa se mees karaktervolle lande waar Middeleeuse prag, historiese stede, wêreldklas kuns en eindelose blomvelde saamvloei in 'n ervaring wat veel meer is as net 'n gewone vakansie.



# Tulpe Toer – België en Nederland

16 – 24 April 2027

**€2700** Per persoon wat deel*
**€3500** Per enkelpersoon*












## Hoogtepunte

**Brussel:**
Verken Brussel se historiese hart, insluitend die ikoniese Grand Place en Manneken Pis. Besoek ook die beroemde Waterloo-slagveld waar Napoleon sy finale nederlaag gely het.

**Gent:**
Die Gentse Altaarstuk deur die Van Eyck-broers in die St. Baafs-katedraal is die hoogtepunt van ons besoek, maar maak ook gerus 'n draai by die indrukwekkende Poëziecentrum.

**Brugge:**
Sien hoe sjokolade-makers van The Chocolate Line hul kreatiwiteit met die maak van kunstige pralines en truffels uitleef, geniet 'n maaltyd by 'n brasserie en beleef die stad se romantiese atmosfeer tydens 'n kanaalvaart en perdekoets-rit.

**Keukenhof:**
Ervaar die oorweldigende kleurpalette van meer as 'n miljoen tulpe en ander lenteblomme in volle blom.

**Amsterdam:**
Wandel deur die stadskern en bekyk die poskaart-mooi kanale van dié indrukwekkende stad.

# Tulpe Toer – België en Nederland

16 – 24 April 2027

**€2700** Per persoon wat deel*
**€3500** Per enkelpersoon*



## DAG 1: 16 April 2027

Vandag is die dag waarna ons almal baie uitgesien het! Ontmoet die Leef Jou Reis-span by die OR Tambo Internasionale Lughawe vanwaar ons op ons lang verwagte toer vertrek!

**(Alle etes aan boord)**

## DAG 2: 17 April 2027

### Welkom in België!

Met ons aankoms by Brussel-lughawe begin ons **Tulpe-avontuur** behoorlik! Ons word na ons sentraal geleë hotel vervoer waar ons bagasie veilig gestoor word en ons die geleentheid kry om rustig ons eerste kennismaking met **België** se stylvolle hoofstad te geniet.

Later die middag vertrek ons op 'n **staptoer** deur Brussel se historiese hart. Ons bewonder die beroemde **Manneken Pis** en besoek die **Grand Place** – 'n UNESCO Wêrelderfenisgebied wat bekend staan as een van Europa se mooiste stadspleine.

Die dag sluit af met 'n heerlike **Belgiese aandete** – die perfekte geleentheid om plaaslike geure te ontdek, jou reisgenote beter te leer ken en saam opgewonde te raak oor die onvergeetlike avontuur wat voorlê.

**Oornag: Brussel (Aandete)**

## DAG 3: 18 April 2027

Na 'n heerlike ontbyt boek ons uit en groet Brussel. Ons maak eers 'n fotostop by die indrukwekkende **Atomium** – een van België se bekendste landmerke. Hierdie unieke struktuur, gebou vir die 1958 Wêreldtentoonstelling, beeld 'n ysterkristal uit wat 165 biljoen keer vergroot is.





Ons ry verder na die **slagveld van Waterloo,** waar Napoleon in 1815 finaal verslaan is. Jou gids neem jou na belangrike landmerke en verduidelik die keerpunte van die veldslag terwyl jy oor hierdie historiese grond stap. Beleef die aksie van destyds in die Panorama, waar 'n aangrypende **360-grade muurskildery** 'n deurslaggewende oomblik uitbeeld.

Daarna reis ons na die pragtige **Gent** – dikwels beskryf as België se historiese juweel. Met sy middeleeuse karakter, skilderagtige kanale en lewendige atmosfeer is Gent 'n stad wat jou vinnig bekoor.

Met aankoms in Gent, boek ons in en verken die stad se sfeervolle strate. Ons maak ook 'n draai by die beroemde **Dulle Griet,** waar die waaghalsiges 'n unieke bierervaring kan geniet deur hul skoen as "deposito" te verruil!

Die res van die aand is joune om Gent verder te ontdek en die stad se heerlike koskultuur by een van sy vele restaurante te geniet.

**Oornag: Gent (Ontbyt)**

## DAG 4: 19 April 2027

Na 'n heerlike ontbyt besoek ons die indrukwekkende **St. Baafs-katedraal,** waar ons kennis maak met **Jan van Eyck** se wêreldberoemde Adoration of the Mystic Lamb (die Gentse Altaarstuk). Hierdie meesterlike kunswerk se dramatiese geskiedenis lees soos 'n spanningsverhaal – dit is deur die eeue gesteel, versteek en begeer deur magtige figure soos **Napoleon en Hitler,** en het selfs inspirasie gebied vir die film **The Monuments Men.**

Na 'n bietjie vrye tyd vir inkopies groet ons Gent en vertrek na Brugge – bekend as die "Venesië van die Noorde". Met sy kronkelende kanale, geplaveide straatjies, historiese geboue en romantiese atmosfeer voel hierdie middeleeuse stad soos iets uit 'n sprokie.





Nadat ons by ons hotel ingeboek het, besoek ons **The Chocolate Line** om België se wêreldklas sjokolade te ontdek. België is immers bekend as die tuiste van die wêreld se beste sjokolademeesters – en ons gaan beslis self proe waarom!

Die res van die middag is joune om Brugge se unieke bekoring op eie pas te ontdek voordat ons later weer saamkom vir 'n heerlike aandete.

**Oornag: Brugge (Ontbyt en Aandete)**



## DAG 5: 20 April 2027

Vandag verken ons Brugge verder. Ons geniet 'n rustige **bootvaart** deur die beroemde kanale, waar ons Brugge vanuit 'n unieke hoek beleef en van sy mooiste besienswaardighede bewonder. Daarna klim ons op 'n **perdekoets** vir 'n tradisionele perdekoetsrit deur die kronkelende strate en sfeervolle pleine – 'n ervaring wat die magie van hierdie besondere stad perfek vasvang.

Vanaand is joune om **Brugge** op jou eie manier te geniet. Dwaal deur die verligte strate, ontdek **gesellige restaurante** of geniet bloot 'n aandwandeling terwyl die stad se slim beligting 'n heel nuwe, betowerende karakter aan hierdie Belgiese juweel gee.

**Oornag: Brugge (Ontbyt)**



## DAG 6: 21 April 2027

Die dag waarvoor almal gewag het is uiteindelik hier! Vandag verruil ons een van die **Lae Lande** vir 'n ander en reis na **Nederland** om die wêreldberoemde **Keukenhof** te besoek – een van die grootste en mees indrukwekkende **blomtuine** ter wêreld. Hierdie 32 hektaar tuin word elke lente omskep in 'n lewende kunswerk, gevul met miljoene tulpe en ander seisoenale blomme in eindelose kleurkombinasies.

Die oorweldigende blomuitstallings skep 'n landskap wat amper onwerklik mooi is – van perfek ontwerpte blomvelde tot rustige paadjies en ikoniese Nederlandse tonele.

Al kan geen foto regtig die ervaring vasvang nie, gaan jy beslis wil probeer. Hierdie besondere ervaring is sonder twyfel een van die hoogtepunte van ons Tulpe-toer – 'n herinnering wat jy nog vir lank sal koester.

Na ons besoek aan Keukenhof vertrek ons na **Amsterdam** vir 'n ontspanne aand op jou eie.

**Oornag: Amsterdam (Ontbyt)**



## DAG 7: 22 April 2027

Vandag verken ons die lewendige en karaktervolle stad van **Amsterdam!** Ons begin die oggend met 'n **staptoer** deur die stad se ikoniese strate en kanale, waar geskiedenis en moderne lewe naatloos saamvloei.

Onderweg sien ons bekende landmerke soos die drywende **Bloemenmarkt,** die **Koninklike Paleis** op die Dam en die historiese Nieuwe Kerk.



Vir middagete geniet ons 'n eg Nederlandse ervaring by 'n tradisionele **"bruin kafee"**, waar **Bitterballen** en 'n koue bier deel vorm van die plaaslike kultuur.

Die res van die middag is joune om Amsterdam verder te beleef – besoek 'n museum, ontdek die winkelstrate of geniet eenvoudig die atmosfeer van hierdie besondere stad.

Vanaand ontmoet ons weer vir 'n onvergeetlike afskeidsete op 'n kanaalvaart – die perfekte afsluiting van ons Tulpe-avontuur.

**Oornag: Amsterdam (Ontbyt en Aandete)**



## DAG 8: 23 April 2027

Na 'n week vol besondere oomblikke en nuwe herinneringe, is dit tyd om afskeid te neem – met harte vol stories en 'n nuwe waardering vir België en Nederland. Na 'n laaste ontbyt vertrek ons lughawe toe vir ons vlug terug na Suid-Afrika.

**(Ontbyt en alle etes aan boord)**



## DAG 9: 24 April 2027

Met ons aankoms by OR Tambo Internasionale Lughawe neem ons afskeid van 'n reis vol kleur, kultuur en onvergeetlike oomblikke.

# Tulpe Toer – België en Nederland

16 – 24 April 2027

**€2700** Per persoon wat deel*
**€3500** Per enkelpersoon*

## Pakket Sluit In

- 1 Nag se hotelverblyf in Brussel met ontbyt
- 1 Nag se hotelverblyf in Gent met ontbyt
- 2 Nagte se hotelverblyf in Brugge met ontbyt
- 2 Nagte se hotelverblyf in Amsterdam met ontbyt
- Lughawe-vervoer (indien groepsvlugte gebruik word)
- Luukse lugversorgde bus
- Verwelkomings aandete
- Besoek aan Waterloo
- Ingang tot die St. Baafs-katedraal in Gent
- Besoek aan The Chocolate Line in Brugge
- Kanaalvaart in Brugge
- Perdekoetsrit in Brugge
- Aandete in Brugge
- Ingang na Keukenhof
- Bier en Bitterballen by Café Hoppe
- Afskeids-aandete in die vorm van 'n kanaalvaart
- Alle fooitjies
- Leef Jou Reis-toerleier

## Pakket Sluit Uit

- Retoervlugte tussen Johannesburg en Brussels/Amsterdam
- Visumaansoek
- Middagetes en aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele uitstappies

## Dinge Om Te Onthou

- Suid-Afrikaanse paspoorthouers benodig 'n Schengen-visum wat nie by die prys ingesluit is nie. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (m.a.w. 24 Oktober 2027).
- 'n Leef Jou Reis-toerleier sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis-span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- **NB: Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.**
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks genoeg wees om sowat 5 kilometer per dag gemaklik te kan stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.

# Tulpe Toer – België en Nederland

16 – 24 April 2027

**€2700** Per persoon wat deel*
**€3500** Per enkelpersoon*

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die Tulpe toer na België en Nederland te verseker:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

### STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R15 000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs oor te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R15 000 is teen 31 Augustus 2026 betaalbaar. Die volgende betaling van R15 000 is teen 31 Oktober 2026 betaalbaar en die totale uitstaande bedrag is teen 31 Januarie 2027 betaalbaar.
- Die toerprys word bereken volgens 'n wisselkoers van €1 = R22, om wisselkoers veranderinge te akkommodeer en betalings aan verskaffers buite Suid Afrika te dek.

**Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!**

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: TUL27 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

**€2700** **Per persoon wat deel*** | **€3500** **Per enkelpersoon***

LJR

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:


Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za


## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende   @GerrieOfficial   @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius